JAN 2000 Jg./Vol. 8.1

Half - Billi

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA/ Newsletter of the Free State Section of the MCSA

Vrystaat-Afdeling in die 3de Millennium

Hierdie uitgawe is ons eerste Half-Billi vir die jaar 2000! Ook ons Afdeling betree die nuwe tydperk met verwagting. Stap- en klimgeleenthede sal nog lank met ons wees.

Dit is betekenisvol dat sommige bergklimmers eerder verkies het om die nuwe jaar/ dekade/ eeu, ens. in die Koue Bokkeveld, halfpad tussen Ceres en Citrusdal in te wag, eerder as langs die Kaapse Waterfront.

Vir al diesulkes en ander fanatici, het die bestuur 'n lekker program saamgestel. Daarby is die geleenthede wat deur ander geskep is (Annapurna, die immergroen of wit? Juliekamp, die Boliviatoer, ens.) alles watertandgeleenthede op die stapspyskaart.

Die redaksie wens al ons lesers 'n baie geseende nuwe jaar toe. Mag julle uitstappies voorspoedig en volgens plan verloop en die weer julle genadig wees.

— Redaksie.

A national meet planned for the Cordillera Real in the Andes

The Johannesburg Section of the Mountain Club of South Africa has organised a magnificent four week meet for members of the MCSA from approximately 20 May to 18 June 2000 in the Cordillera Real area of the Andes, near La Paz, capital of Bolivia, South America. The Bolivia meet is not a formal expedition for experienced and dedicated 7000 meter Alpinists, but rather an opportunity for the ordinary adventure spirited hiker and climber to gain some high altitude hiking and climbing experience in this beautiful Andean region of South America.

The meet will be in the style of the annual July Camp in the Natal Drakensberg, i.e. longer and shorter hiking trips — visiting Cuzco and Macchu Picchu in Peru, along the "Inca trail" or Lake Titicaca and other Inca ruins in Bolivia — or ascending lesser peaks (4700m to 5200m). The meet also caters for those who wish to tackle the technically more challenging peak of Huayna Potosi (6090m) and the imposing and slightly harder technical peak, Illimani, at 6450m.

Anyone, who has the time and necessary funds, may attend.. Total costs are estimated at R7 000 plus. If you are in possession of, or are willing to buy the following equipment, you will have the most important gear needed for doing the snow hikes: a dome-type mountain tent to be shared by a partner, a good sleeping bag for sub-zero temperatures, double plastic boots or one-piece leather mountaineering boots, Ventex jacket, pants, gloves and gaiters, polar-fleece or down jacket, crampons, helmet, harness and ice-axe.

• **Cont. on page 2**

Kobus Theron reël weer 'n Nepal ekspedisie

Kontak hom by J.C. Theron, P/a Dept Geologie, Posbus 2, Chromite 0362 of e-pos: <kobus@icon.co.za.>

Annapurna en Manaslu in die visier

Kobus beplan 'n staptog in Nepal gedurende Oktober/November 2000. Dit gaan, volgens hom, " 'n lang en moeilike trek in Nepal rondom Manaslu en Annapurna wees". Die kostes sal ongeveer US$ 1800 tot $2300 per persoon wees, internasionale vliegkaartjies uitgesluit, afhangende hoeveel persone gaan.

Die Manaslu-trek is in 'n gebied met beperkte toegang en is dus onderworpe aan ekstra burokratisisme en gevolglik duurder. Die roete strek vanaf Gorkha (tussen Kathmandu en Pokhara), al met die Burhi Gandaki langs en oor die Larkya La (5135m). By Dharapani sluit dit dan aan by die Annapurna stap vanwaar dit die normale roete via Manang en die Thorung La (5416m) volg. Die stap eindig by Jomsom vanwaar na Pokhara gevlieg word. Vanaf Dharapani word nie meer van tente gebruik gemaak nie maar van herberge.

Die staptogdeel sal ongeveer 28 dae duur Dit is 'n unieke tog waarop slegs 400 mense per jaar toegelaat word. Mens moet dus so gou moontlik bespreek. Vir 4 of meer persone kan Kobus dalk goedkoper tariewe beding.

• **Continued from p. 1**

According to Greg Devine, expedition leader, the cli-mate in La Paz (3700m) is very much like that of Johannesburg at the same time of year. Temperature in the mountains drops by 6C for every 1000m of altitude gained. The temperature at base-camp (4700m) should be -5C to +12C while at high-camp (5500m) about -15C at night.

For more information click on "Expeditions" on the MCSA website or contact the Chairman of Johannesburg Section, Greg Devine, <devine@mega.co.za> ☎ 011-974 3695 (h); 011-825 7174 (w).

NUUS VAN ORAL OOR

DRAGON'S WRATH

Hierdie is die tweede bygewerkte uitgawe van Pearce se baie leesbare boek. Dit bestaan uit vertellings van rampe en ongelukke wat stappers en klimmers oor baie jare in die Drakensberge getref het. Dit is opmerklik dat baie van die gebeurtenisse verband hou met slegte weer en stappers/klimmers wat nie behoorlik daarvoor toegerus is nie. Dit is 'n besonderse boek wat besit en gelees behoort te word deur elkeen wat al in die Drakensberge gestap en geklim het.

Deur James Byrom en Reg Pearce. 1997: Jonathan Ball Publishers. 328 bladsye. Swart en wit foto's. Sagteblad. R108,00. ISBN 1 86842 048 5.

PROTECTING PRICELESS ROCK ART

The famous Giant's Castle Main Caves in the Natal Drakensberg, run by the KZN Nature Conservation Service, were officially re-opened on 20 March 1999 following the construction of wooden board-walks designed to reduce dust damage to the priceless San

rock paintings displayed there. These caves receive about 18 000 visitors annually, and concerns have been raised about damage to the paintings caused by dust stirred up by the movement of people.

The KZN Conservation Trust made the entire project possible by a generous donation of R130 000, thus fulfilling its role as a source of added finance for conservation projects which cannot be funded from regular NCS budgets. The Natal Drakensberg Park is to be nominated shortly for World Heritage status on the grounds of its natural and cultural assets. The park has over 550 listed San rock art sites with more than 40 000 individual paintings. It is thus one of the most densely painted areas in the world. (*African Wildlife* 53(5), 1999).

Op televisie waargeneem

'n Segsman van 'n Britse maatskappy wat klim- en staptoerusting bemark, beweer dat dit met die nuwe tipe kouse nie meer nodig is om twee pare aan te trek nie mits dit, soos die paar wat hy vertoon het, goed gekussing is. Hy het nie gese van watter materiaal die kouse gemaak word nie.

Op dieselfde program is 'n paar bergklim-sandale vertoon wat met velcro vasmaak en in plaas van stewels gedra kan word. Kouse is onnodig. Die sole het heel stewig en geskik gelyk.

Remember the Voyager numbers!

Members who have not yet done so, are requested to please send their names and Voyager numbers (South African Airways) to The Hon Secretary, MCSA, 97 Hatfield Street, Cape Town 8001.

Behandeling van dehidrasie

Die verlies van liggamsvloeistof gedurende inspanning kan dehidrasie tot gevolg he, veral as dit ook met blootstelling aan hitte/son gepaard gaan. Een van die gevolge is 'n verlies in die volume van bloedplasma.

Behandeling van dehidrasie is effektiewer as die pasient se maag slegs gedeeltelik vol en die vloeistof koud (5 grade C) is. Die volgende vloeistowwe is deur die Departement Dierkunde van UPE getoets:

Water is die effektiefste. Die liggaam keer die vinnigste terug na normaal. Byvoeging van 'n klein hoeveelheid sout handhaaf die drang na vloeistof en herstel die plasmavolume vinniger.

Game veroorsaak naarheid en vomering as dit in groot volumes gedrink word as gevolg van die hoe soutkonsentrasie. Dit is slegs effektief vir rehidrasie as dit dubbel soveel as die vervaardigers se aanbeveling verdun en in matige hoeveelhede ingeneem word.

Leppin is slegs effektief as 'n energiedrank en nie as rehidrasie-vloeistof nie. Coke word nie aanbeveel nie as gevolg van die hoe suikerinhoud onder andere. Liquifruit is om dieselfde rede as coke nie geskik nie. Bier is ook nie geskik nie omdat alkohol dehidrasie en urineproduksie vermeerder.

Die enigste geskikte vloeistowwe is dus water met 'n knippie sout of matige hoeveelhede goed verdunde Game.

(Ontleen aan ''Effectiveness of various test fluids on rehydration through short intensive activity,'' deur N Beeton, K Froneman, J McGill en S Oostdam)

Natuur het Hillary ook op 'n ander manier geroep

Sir Edmund Hillary moes in 1953 op meer as een manier op die natuur ag slaan.

Dit kon dalk die heldedaad en die grootsheid van die oomblik bederf indien hy in daardie stadium sou laat blyk dat, as die eerste mens om die hoogste bergspits in die wereld te bereik, die natuur baie hard geroep het.

In sy nuwe outobiografie beskryf Nieu-Seeland se beroemdste bergklimmer sy

oomblik van glorie bo-op Everest: ‘’Net toe ons eer aan die hoogste berg in die wereld bewys het, het ek geen ander keuse gehad as om daarop te urineer nie,’’ skryf hy in View from the Summit.

Hy het later verduidelik: “Die ekspedisie-dokter, Griffith Pugh, het ons gewaarsku dat dehidrasie een van die grootste gevare is vir bergklimmers wat te hoog klim. Om hiervoor te vergoed, het ek en Sherpa Tenzing Norgay die vorige aand baie warm suurlemoen-drankies gedrink. As gevolg daarvan het ons die spits met vol blase bereik.’’

-Sapa AFP.

Noord-Amerika se Ysmassas smelt

Noord-Amerika se grootste ysmassas smelt en van die vasteland se gletsers kan binne ‘n eeu verdwyn, het klimatoloe daar bekend gemaak.

Hulle het lank reeds veranderinge in die aarde se klimaat waargeneem en meen die rekord hitte van die laaste paar jaar is ‘n aanduiding van temperature wat wereldwyd styg Die styging in temperature is des te meer merkbaar in Noord-Amerika, waar gletsers merkbaar krimp.

Die Columbia-gletser in Alaska het in die afgelope 16 jaar met 13 kilometer gekrimp. Die gletser vorm ’n ysrivier wat stadig na die Golf van Alaska beweeg.

In ander streke smelt die ys ook. Die Athabasca-gletser in die weste van Kanada het sedert die jare sewentig meer as 50 miljoen kubieke meter ys verloor.

Ook in die staat Montana krimp die gletsers van die Glacier National Park, en die geoloog Mark Meier van die Amerikaanse Geofisiese Instituut aan die Universiteit van Colorado het voorspel dat Glacier National Park binne 50 tot 70 jaar al die gletsers kwyt sal wees waarna hy sy naam te danke het.

Die klimatoloe wys daarop dat temperature wereldwyd met net minder as een graad Celsius oor die afgelope eeu gestyg het. In Alaska het die temperature met gemiddeld twee grade Celsius gestyg.

Dit het ‘n katastrofiese gevolg vir die naaldwoude, wat weens die daling in die reen- en sneeuval uitsterf. Die bome droog uit weens die min water, en parasiete soos baskewers dring die stamme binne sodat die bome uiteindelik doodgaan.

Die warmer weer hou ook probleme vir die binnelandse stede in. Calgary en Edmonton se watervoorraad kom feitlik heeltemal van binnelandse gletsers af, en navorsers waarsku dat die waterbron binne enkele geslagte kan opdroog.

(Die Volksblad)

(In Afrika is die verskynsel ook waarneembaar. By Kilimandjaro word die sneeu en gletsers al minder. Die berg Kenia het slegs die helfte van die gletsers oor wat honderd jaar gelede aanwesig was. - Red).

Uittreksels uit Culna

(Tydskrif van die Nasionale Museum/ Journal of the National Museum Junie/June 1999)

P 14: In the Free State several dinosaur trackways have been found, inclu-ding a couple of isolated tracks near Paul Roux in the eastern Free State and tracks recently found on Rondeberg near Ladybrand. Very early tracks from the Beaufort Group of sedimentary rocks have been found near Jagersfontein and at Thaba ‘Nchu (J Dreyer).

P 27: Die volksnaam Dassierot is teoreties verkeerd aangesien die dier nie ‘n ware muis/rot is nie. Die diere word slegs op rotsagtige berghange of klipkoppies en soms in klipstapels by pad- en treinspooruitgrawings gevind. Hulle woon in holtes onder rotse en klipskeure soortgelyk aan die van dassies. Vandaar die naam dassierot. Dassierotte kom in die droe westelike en noordwestelike dele van Suid-Afrika voor. Alhoewel daar tot dusver geen amptelike rekords van Dassierotte in die Vrystaat is nie, is ‘n betroubare berig ontvang van hulle teenwoordigheid in die suidwestelike hoek waar die provinsiale grensdraad en die Oranje/Garieprivier in die distrik Luckhoff bymekaarkom. Boere in veral bogenoemde, sowel as ander distrikte,

word vriendelik gevra om asseblief enige aanduiding van die teenwoordigheid van Dassierotte op hulle plase aan die Nasionale Museum in Bloemfontein te stuur. (JP Eksteen)

P 19: Die publiek bly egter 'n noodsaaklike bron van inligting oor veral skaars en bedreigde spesies (bv die vaalboskat, ietermago, erdvark, krimpvarkie, slangmuishond, aardwolf, strandjut, tierboskat, klein gekolde kat, luiperd en baie van die vlermuisspesies, sowel as indringerspesies (bv die rietrot).

Die waarnemings van die publiek (sigrekords en foto's met datum en lokaliteit, dooie eksem-plare) het in die verlede 'n groot bydrae tot ons totale inligting gemaak. Dit word opreg waardeer en aangemoedig en kan beskou word as 'n bydrae tot die teenwerk van die biodiversiteitskrisis.

AFDELINGSAKE

Betaling van stapgelde

Die bestuur van die Afdeling Vrystaat doen 'n dringende beroep op lede en gaste om die stapgelde vir uitstappies betyds te betaal. Let asseblief op die keerdatums vir die betaling van stapgelde (waar van toepassing) as jy beplan om 'n spesifieke uitstappie by te woon, en betaal die gelde betyds. Ons Klub verloor dikwels geld omdat mense hulle name opgee vir 'n uitstappie maar dan nie betyds betaal nie. Teken asseblief die betrokke datums aan en wees stiptelik! (soos dit 'n toegewyde stapper/bergklimmer betaam!)

Verhoging van Ledegeld

Behalwe vir die verhoging van Joernaalgelde weens druk- en versendingskoste is ledegelde in 1995 laas werklik verhoog. Toename in posgeld, drukkoste, besprekingsgelde en ander uitgawes het egter die verhoging van ledegelde vir 2000 onvermydelik gemaak. Tydens die jaarvergadering vir 1999 is op die volgende besluit (vorige gelde word in hakies aangedui)

Enkellid binne Bfn	R50.00 (R40)
Getroude paar binne Bfn	R75.00 (R50)
Enkellid buite Bfn	R45.00 (R35)
Getroude paar buite Bfn	R70.00 (R45)
Junior lede	R30.00 (R20)
Toetreegelde	R50.00 (R20)
Dagfooie	R5.00 (R2) per dag.

Lewenslange lidmaatskap is beskikbaar teen die toepaslike kategorie vermenigvuldig met 10.

Hernuwing van lidmaatskap

Die bestuur het, op grond van die Klub se konstitusie, onlangs besluit dat lede hulle lidmaatskap outomaties sal verloor indien ledegelde vir twee opeenvolgende jare nie betaal is nie. Dit sal beteken, as jy nog lid wil wees, dat jy weer sal moet aansoek doen om lidmaatskap, en ook weer die toetreegeld (tans R50,00) sal moet betaal. Die bestuur versoek dus lede om maar liewer so gou as moontlik die jaar se ledegeld te betaal voordat jy dalk vergeet. Die Klub het julle ledegeld nodig om effektief te kan funksioneer.

Toekennigs

Baie geluk aan Nico Combrink wat die afdeling se Goue Billi-toekenning ontvang het vir sy diens wat hy die afgelope jare vir die klub gelewer het. Hy het die toekenning na afloop van die jaarvergadering ontvang.

Frank Bashall van Johannesburg is al 30 jaar lid van ons afdeling. 'n Gegraveerde pen is aan hom toegeken.

UIT TOEKA SE DAE: DIE YSTER VAN DIE KOUGA

Vanaf Kareedouw sien 'n mens 'n grondpad wat al slingerend vanaf die Assegaaibosch stasie teen die suidelike helling van die Suur Anysberge opkronkel. Die is die pad wat mens vanuit die onder-Langkloof na die Kougaberge voer.

MY PLAN was om te probeer om oor die Kougaberge na die Baviaanspoort te gaan sonder om my draai deur Humansdorp en verby Loerie, Hankey en Patensie te maak. My ou vriend, oom Flip de Jager van Kareedouw, het my beduie hoe om te ry en op sy beurt het hy sy vriend, oom Witte Strydom van Joubertskraal, gebel en vir my slaapplek vir die aand gereel.

OOM FLIP se vrou, Johanna, was nog op kenmerkende gasvrye wyse besig om vir my allerhande lekker padkos in te pak, toe daag hulle seun Danie daar op. Danie ken daardie wereld. Hy ken die Kouga en sy berge en valleie want hy is een van die kenners van die blomme van die Oos-Kaap en le hom toe op die kweek van proteas. Danie het geweet van 'n pad wat oor die Kouga-reeks gaan tot in die Baviaans-kloof, wat my bestemming was. As ek nou net by oom Willie Strydom kon uitkom, sou die my die pad verder kon beduie.
VOL MOED en sonder die wete of besef dat daar vir my 'n klim van tot 4 000 voet voorgele het, met een stuk van 25 myl en sowat 30 plaas-hekke om oop te maak, het ek toe van Kareedouw af vertrek. Van daardie rit vertel ek later meer want ek maak daarop aanspraak dat 'n altydse rekord opgestel is met betrekking tot wat alles met 'n mens kan verkeerd loop as jy per motor in die Kouga-berge rondpeuter.

DAARDIE AAND, lekker tuis by oom Witte Strydom, het hy my die verhaal vertel van die meteoriet wat op die familieplaas waar hy tans woon, gele het.

VAN SY HUIS af loop 'n klofie na die noordekant, en daar, teen die suidoostelike hang van die berg het daar vir so lank menseheugenis teruggaan, 'n ding gele wat in die Kouga bekend was as Die Yster. Al wat leef en beef het by geleentheid na die ding kom kyk wat, as mens met 'n harde voorwerp daarteen slaan, soos 'n klok gelui het. Ou dominee van Huyssteen van Kareedouw het daarvan te hore gekom, gaan kyk en dit as 'n meteoriet ge dentifiseer. Hy het die Kaapse Museum laat weet en die se boodskap was: "Kap 'n stukkie af en stuur dit aan asseblief."

Half-Billi se voorganger was Billi, 'n jaarblad wat met groot opoffering aanmekaar geslaan is. Die artikels was dikwels kostelik. Hierdie een deur Ben Loots het in die 1970-uitgawe verskyn:

DIE OU SEKSIE het toe Die Yster bygedam met hamers, koubytels, ystersae en koevoete maar dit was tevergeefs. Die ding was te hard en hulle kon niks afkry nie. Weer Kaap toe geskrywe en laat weet dat hulle nie hond haar-af kon maak nie. Nou vertel oom Witte verder:

EN HULLE STUUR toe van die Kaap af twee koubytels, seker ekstra getemperde goed, en daarmee kap my pa en dominee van Huyssteen toe 'n stukkie van Die Yster af. Toe hulle nou die goed wegstuur, was dit nog nie 'n honderd jaar nie toe is hulle hier. En dit was 'n rou Ingelsman wat gekom het, en hulle is toe in die kloof op na Die Yster toe. Die rou Ingelsman wat g'n stuk Afrikaans kon praat nie, en my oorlede pa wat g'n stuk Ingels kon praat nie, en 'n paar volk om te help om die ding die berg af te bring.

EN TOE die Ingelsman daar by die ding kom, toe is hy rasend. Dis toe wat hom betref net die ware Jakob en die ding moet met bose geweld dadelik uitgelig word en Kaap toe geneem word. Die Yster was nie baie groot nie, maar ek dink my pa het gese hy het sowat 2 800 pond geweeg en daar was nie juis vatplek of vasmaakplek aan hom nie. Hulle het toe 'n span osse kom haal en daarmee is hulle teen die kop uit. Maar die ding was te swaar. Hulle kon hom nie beweeg na 'n kant toe nie. Hy was te swaar.

HULLE HET maar so aangesukkel en later het hulle toe darem die ding op 'n slee. Maar net sodra die osse roer dan druk hy die slee onder die aarde in. So het hulle maar aangesukkel en die vierde dag het hulle hom hier bo-op die rant gehad. So het hulle hom dan so ongeveer 1 500 tree vervoer. Daardie aand het hulle toe die ding hier bo-op die rant en hulle rol hom hier af tot verder in die klofie in die rivier.

DIE VOLGENDE oggend is hulle toe weer soontoe en toe kap hulle eers weer pad hier op in die kloof om met die osse en die slee daar by hom te kom. Maar die Ingelsman is toe al bedrewe met

die vervoermetodes: hy weet toe al wat is 'n slee en al die soorte van dinge met al die dae wat hulle toe al met die ding gesukkel het.

PA KAP toe maar weer 'n boom met 'n goeie vurk, kap dit mooi skoon en die Ingelsman staan vir pa so en kyk. Die boom is omgekap, die mikke is mooi skoongekap en voor is 'n gat deurgeboor vir die trekketting om deur te gaan sodat die osse aangehaak kan word.

EN TOE se pa vir die Ingelsman: "Dis nou 'n very nice no-good slee hierdie."

HULLE SLEEP toe Die Yster af tot hier by die huis. Maar mens, toe was die Ingelsman in die hemel so bly is hy! Hy het katrolle en alles saam-gebring want toe moet die ding op 'n wa gelaai word om hom die 25 myl na die stasie op Assegaaibos te vervoer.

DIE KATROLLE en goed is toe hier op die plaas. Maar pa se die Ingelsman het hom amper dood gewerk. Hy is toe so begerig om Die Yster weg te kry Kaap toe. Hulle was altyd so vier na ses man, maar hy het goed helfte van die werk gedoen. Saans was hy so moeg dat hy amper nie kon loop nie. Sy hande was die ene blase.

MAAR TOE hulle nou die ding moet opkatrol om hom op die wa te laai, wis hy nie dat hulle besig was om pa se vingers teen Die Yster vas te katrol nie. En toe pa weer gewaar, het die ketting sy een vinger platgedruk. En pa skree vir een van die manne: "Praat Ingels met die vervlakste Ingelsman! Hy druk my vingers pap!"

EN DIE OU hoor dit en skrik hom byna boeglam en toe is hy darem so spyt en vol verskonings. Maar hy het sy eerstehulp byderhand gehad en hy het die vinger gou reggedokter.

HULLE IS TOE met Die Yster vort Assegaaibos toe en die Ingelsman saam op die wa want hy wou die ding vir geen oomblik onder sy oe laat uitgaan nie.
OP ASSEGAAIBOS het hulle toe Die Yster op die trein gelaai en daar het die Ingelsman toe ewe plegtig vir pa bedank op Ingels wat pa nie verstaan nie en pa het hom bedank in Afrikaans wat die Ingelsman nie verstaan het nie.

(Het Jan Spies ooit hierdie een in die hande gekry? - Red.)

Rits brei uit met nuwe bestemmings

Die Rits Agentskap onder leiding van Derek Odendaal het die volgende voetslaanpaaie tot die bestaande portefeulje gevoeg:.

Bergkloof staproetes:
Vanaf 'n karaktervolle ou plaashuis, 32 km anderkant Zastron, loop daar twee sirkelroetes uit in verskillende rigtings. Afstande wissel tussen 6 en 14 km. Die area bied fantastiese uitsigte oor die bergagtige suidelike deel van Lesotho, asook oor die Witteberge by Lady Grey. Die roetes kan oor een of twee dae gestap word.

Bokpoort Hiking Trail:
In the beautiful area between Golden Gate and Clarens, amidst towering mountains, lovely sandstone formations and sparkling streams, you find the Bokpoort Hiking Trail. It offers a relatively easy hike, with a more challenging addition (climbing to the top of George's Pimple at 2540 m) for the more energetic. The trail links up with the Ouma's Kraal Trail nearer to Golden Gate. Distance and duration: 14 to 18 km over 1 or 2 days. Three to 5 day hike possible when linked with Ouma's Kraal.

Champagne Voetslaanpad:
Hierdie voetslaanpad is gelee in die skilderagtige landskap van die Suidoos-Vrystaat, sowat 20 km oos van Zastron.

Champagne is 'n pragtige plaas, omring deur heuwels, rantjies en pieke, met vergesigte ooswaarts oor die berge van Lesotho. 'n Ou plaashuis dien as basis, vanwaar daar verskeie sirkelroetes gestap kan word sonder volle rugsakke. Daar is 'n keuse van vier roetes. Afstand en tydsduur: 2 tot 17 km oor 1 of 2 dae.

Koranna Hiking Trail:
This interesting trail is situated in the large Korannaberg Conservancy between Clocolan and Excelsior. The trail offers a two day circular route with many surprises and a wide variety of natural features. It starts and ends at the historical Merrimetsi farmhouse, now a declared National Monument. Three different day trails also start from this base. Distance and duration: 30 km over 2 days.

Malealea guided hiking trails (Lesotho):
From Malealea Lodge you see mountains in all directions. In these mountains you find deep valleys and impressive gorges, meandering rivers, magnificent waterfalls, beautiful rock formations, towering peaks, sparkling streams. Starting out from the Malealea Lodge and accompanied by a local guide, you can enjoy the mountains for anything from two days to two weeks, choosing where you want to go and what you want to see. Options include places like the Ribaneng Waterfall, Pitseng Canyon, Thaba Putsua Mountain, Ketane and Maletsunyane Waterfalls and spectacular mountain passes. Here you can really experience the Basotho culture, staying in Basotho villages and sleeping in traditional Basotho huts. Distance and duration: anything from 20 to 200 km, from 2 to 14 days.

Quaggafontein Hiking Trail (Zastron):
This figure eight trail is situated in a lovely but unknown area of the Southeastern Free State. Situated near the meandering Orange River, it offers hikers two different day trails, starting out from a renovated colonial homestead with antique furniture in every room, built in 1912. The River Trail offers a choice between 13 and 7 km. Here you can get magnificent views of the mighty Orange River, while enjoying the wide variety of plant and bird life. On the Mountain Trail, you can choose between a half-day walk of 10,5 km, or a short 3 km walk. Distance and duration: from 10 to 20 km over 1 or 2 days.

(Kontak die volgende vir meer inligting: Rits, Posbus 8871, Bloemfontein 9300. Tel: 082 429 3711. Faks: (051) 4055044.)

Hierdie uitgawe is versorg deur Mollie Smith (red.); Ilse Visser & Derek Odendaal. Bladuitleg deur Nico Combrink.